Beskrywing van die Vrou op die Rooi Dier volgens Openbaring

Die laaste persoon in die onheilige drie eenheid van satan gedurende die verdrukking gaan die vals een wêreld geloof wees wat deur die vrou op die rooi dier voorgestel word. Ons lees van haar in Openbaring 17. In die Bybel word gelowe in die vroulike vorm voorgestel, daarom die "vrou" op die rooi dier. Jesus verwys ook na ons, Sy gelowiges en Sy kerk, as sy bruid in die vroulike vorm.
Ek gaan die verse van Openbaring 17 stap vir stap aan u hieronder verduidelik. Ek gaan begin by vers drie.

"[3] En hy het my in die gees weggevoer na 'n woestyn, en ek het 'n vrou sien sit op 'n skarlakenrooi dier, vol godslasterlike name, met sewe koppe en tien horings."

Satan gee die dier sy mag en aangesien die vrou op die dier sit en haar ondersteun, kry sy haar mag van die dier af. Die Antichris gaan dus die een wêreld geloof stig. Die godslasterlike name stel die valsheid van die een wêreld geloof voor. Die tien horings stel mag voor wat sê dat die een wêreld geloof mag oor die mense gaan hê om hulle te manipuleer, maar geen heerskappy nie. Heerskappy word voorgestel deur krone en hierdie vrou het geen krone nie.

"[4] En die vrou was bekleed met purper en skarlaken en versierd met goud en kosbare stene en pêrels, en sy het in haar hand 'n goue beker gehad, vol gruwels en die onreinheid van haar hoerery;"

Die duur klere en die edelgesteentes stel voor hoe ryk die een wêreld geloof in aardse besittings gaan wees, maar in die oë van God was sy vol gruwels en onreinheid omdat sy nie die waarheid aan die mense verkondig het nie. Persoonlik glo ek dat baie van ons kerke vandag in hierdie kategorie val omdat hulle afgewyk het van die gesonde leer! Hulle hoereer met die wêreld deur die dinge wat die wêreld doen goed te praat. Die mense word dronk van die dinge wat hulle verkondig omdat hulle glo dat dit reg is, maar net soos dronk mense, besef hulle nie dat dit wat hulle doen 'n gruwel in die oë van God is nie!

"[5] en op haar voorhoof was 'n naam geskrywe: Verborgenheid, die groot Babilon, die moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde."

Om hierdie vers te verstaan moet ons teruggaan in die geskiedenis. Deur die eeue het die kerk baie gruwels in die naam van Godsdiens gedoen. Baie Christene het hulle lewens verloor omdat hulle die waarheid probeer verkondig het. Alles wat egter tot dan toe gebeur het gaan 'n druppel in die emmer wees, want die een wêreld geloof gaan die moeder van alle kerke wees in die gruwels wat dit in die naam van geloof gaan doen en in die verleiding van die mens.

"[6] En ek het die vrou gesien, dronk van die bloed van die heiliges en van die bloed van die getuies van Jesus, en ek het my uitermate verwonder toe ek haar sien."

Baie wat na die wegraping gered gaan word gaan hulle lewens verloor vir die getuienis wat hulle gaan bring en die een wêreld geloof gaan 'n kardinale rol hierin speel.

In vers sewe begin die engel om aan Johannes te verduidelik waaroor die gesig van die vrou en die dier gaan. Ek gaan dit dus nie hier herhaal nie.

"[8] Die dier wat jy gesien het, was en is nie, en sal uit die afgrond opkom en na die verderf vaar; en die bewoners van die aarde wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe geskryf is nie, sal hulle verwonder as hulle die dier sien wat was en nie is nie, alhoewel hy is."

Hierdie een wêreld geloof sal baie oortuigend wees en 'n groot aanhang onder die mense hê wat nie gered is nie. Hulle sal verwonderd agter dit aanhardloop en alles wat in die naam van hierdie geloof verkondig word as soetkoek opeet.

"[9] Hier kom die verstand wat wysheid het, te pas. Die sewe koppe is sewe berge waar die vrou op sit."

In die dae van ouds was dit 'n bekende feit dat die stad van Rome gebou was op sewe heuwels of berge. Johannes het dit geweet en so genoteer dat die wat verstand en wysheid het, die verbinding sal maak! Die een wêreld geloof se hoofkwartier gaan dus in die stad van Rome wees.
"[10] En hulle is sewe konings: vyf het geval en een is; die ander een het nog nie gekom nie; en wanneer hy kom, moet hy 'n kort tydjie bly."

Die sewe konings waarna verwys word is die sewe koninkryke wat in die verlede oor Israel regeer het, naamlik Egipte, Assirië (nie vandag se Sirië nie), Babilonië, Meno-Persiese Ryk, Griekeland en die sesde is die Romeinse Ryk. Die sewende is die herenigde Romeinse Ryk wat besig is om hervormd te word deur die Europese Unie. Dis die een wat is waarna verwys word. Die agste wat nog nie gekom het nie en net 'n kort rukkie gaan bly, is die Antichris.

"[11] En die dier wat was en nie is nie, is self ook die agtste, en hy behoort by die sewe en gaan na die verderf."

Hierdie vers verwys na die Antichris self as die agste koning, maar dat hy by die sewende hoort. Dit verwys heel moontlik dat die Antichris uit die herstigte Romeinse Ryk gaan kom. Die Bybel verwys na hom as 'n intellektuele genie (Daniël 7:8), 'n uitstekende spreker (Daniël 7:20) , 'n militêre leier soos geen ander in die mens se geskiedenis nie (Daniël 7:23) en 'n gemene en 'n manipulerende politikus (Daniel 8:25 en Daniël 11:21).

"[12] En die tien horings wat jy gesien het, is tien konings wat nog geen koningskap ontvang het nie, maar hulle ontvang mag soos konings een uur lank saam met die dier. [13] Hulle het een gesindheid en sal hulle krag en mag oorgee aan die dier."

In hierdie gedeelte word daar weer verwys na die hervorming van die ou Romeinse Ryk deur die Europese Unie. Daar is meer as tien lande wat deel is van die Europese Unie, maar net tien van hierdie lande gaan in die laaste van dae prominent in die politieke arena word. Myns insiens gaan dit hierdie tien lande wees wat die dier sy mag gaan gee.

Na die wegraping gaan die tien leiers van hierdie tien lande aangestel word as konings om oor die nasies van die wêreld te regeer. Dit gaan egter 'n kort heerskappy wees, want die Bybel sê dat hulle heerskappy net een uur lank sal wees.

"[14] Hulle sal teen die Lam oorlog voer, en die Lam sal hulle oorwin want Hy is die Here van die here en die Koning van die konings en die wat saam met Hom is, geroepe en uitverkore en getrou."

Hierdie konings sal teen God oorlog voer in die sin dat hulle baie Christene wat na die tyd gered gaan word, sal laat dood maak, maar die Bybel sê dat die Here hulle gaan oorwin. Dit beteken dat hulle nie al die Christene sal kan dood maak nie en dat hulle dit nie sal regkry om die stem van God op aarde stil te maak nie, ongeag hoe hard hulle ook al gaan probeer!

"[15] En hy sê vir my: Die waters wat jy gesien het, waar die hoer op sit, is volke en menigtes en nasies en tale."

Die betekenis van die water word hier verduidelik.

"[16] En die tien horings wat jy op die dier gesien het, hulle sal die hoer haat en haar verlate maak en naak, en haar vlees eet en haar met vuur verbrand."

Hierdie vers beskryf die komende einde van die een wêreld geloof. Geen koning hou daarvan om ondergeskik aan 'n geloof te wees nie. Hulle doen dit egter omdat dit die enigste manier is om die guns van die mense te wen.

Na die eerste drie en 'n halwe jaar van die verdrukking, gaan hierdie tien konings die juk van die een wêreld geloof van hulle afgooi en hulle ondergeskik stel aan die Antichris. Ten daardie tyd gaan die een wêreld geloof nie meer nodig wees nie, want die Antichris gaan homself tot god verklaar en in die Tempel van Salomo sit.

Daar gaan beslag gelê word op die geld en die tempels van die een wêreld geloof sodat die een wêreld geloof niks meer oor het (*naak*) en ook nêrens het om heen te vlug nie. (*verlate*) Die tempels van die een wêreld geloof gaan dan met vuur verbrand word.